



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

EKONOMIE V1

FEBRUARIE/MAART 2018

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
5. Lees die vrae aandagtig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
9. Gebruik slegs blou of swart ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.
- 1.1.1 Die owerheid is verantwoordelik vir ... sektorvoorsiening.
- A privaat-
 - B buitelandse-
 - C openbare-
 - D finansiële-
- 1.1.2 Die totale vergoeding wat die eienaars van produksiefaktore ontvang, word nasionale ... genoem.
- A produksie
 - B besteding
 - C uitvoere
 - D inkome
- 1.1.3 Die wisselkoersstelsel wat deur Suid-Afrika gebruik word, staan as die ... wisselkoersstelsel bekend.
- A vaste
 - B beheerde swewende
 - C vryswewende
 - D goudstandaard-
- 1.1.4 Daar word na die ... verwys as 'n aanduiding van langtermyn groei in die ekonomie.
- A tendenslyn
 - B amplitude
 - C lengte
 - D trog
- 1.1.5 Die aantal jare wat 'n pasgebore baba waarskynlik sal leef, staan as ... bekend.
- A lewensverwagting
 - B bevolking
 - C voeding
 - D bevolkingsgroei
- 1.1.6 Globalisering maak lande ekonomies meer ...
- A geïsoleerd.
 - B interafhanklik.
 - C gestruktureerd.
 - D onafhanklik.

1.1.7 Huishoudings in Suid-Afrika spandeer die meeste van hul inkomste aan ...

- A duursame goedere.
- B semiduursame goedere.
- C nieduursame goedere.
- D dienste.

1.1.8 'n Aanwyser wat oor die algemeen gebruik word om die produksiekoste te meet, staan as die ...-indeks bekend.

- A verbruikersprys
- B produksieprys
- C koptelling
- D prys

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Vermenigvuldiger	A	verwydering van onnodige wette, regulasies en regeringsbeheer wat met markte inmeng
1.2.2	Kapitaalmark	B	koers waarteen die SARB geld aan banke leen
1.2.3	Deregulering	C	mense en hulle vaardighede wat vir produksie vereis word
1.2.4	Amplitude	D	'n klein aanvanklike styging in besteding lei tot 'n proporsioneel groter toename in totale nasionale inkome
1.2.5	Ruilvoet	E	inligting oor die grootte en struktuur van 'n bevolking
1.2.6	Demografie	F	druk 'n land se uitvoerpryse ten opsigte van hulle invoerpryse uit
1.2.7	Inligting- en kommunikasie-tegnologie (IKT)	G	langtermyn finansiële instrumente, byvoorbeeld verbande
1.2.8	Mensekapitaal	H	meet die afstand van ossillasie van 'n veranderlike vanaf die tendenslyn na die piek en trog
		I	'n sleutelgroeisektor van die Geïntegreerde Vervaardigingstrategie

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. GEEN afkortings of akronieme sal aanvaar word nie.

1.3.1 Die eienaars van die produksiefaktore in die ekonomie

1.3.2 'n Opsomming van die waarde van verskillende leidende aanwysers in 'n enkele waarde

1.3.3 'n Opgawe van 'n land se handels- en finansiële transaksies met die res van die wêreld

1.3.4 Goedere wat skadelik vir die samelewing is, byvoorbeeld sigarette

1.3.5 Die belangrikste bron van inkomste vir die staat

1.3.6 Moedig investering in vervaardiging, landbou en mynbou aan

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van lekkasies. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom behoort die openbare sektor aan die bestuur van die ekonomie deel te neem? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRUTO WAARDE TOEGEVOEG VOLGENS DIE TIPE EKONOMIESE AKTIWITEIT			
Teen huidige pryse (R miljoen)	2014	2015	2016
Primêre sektor	369 683	368 300	398 770
Sekondêre sektor	723 562	772 875	815 816
Tersiêre sektor	2 324 815	2 484 291	2 654 870
Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse	3 418 060	3 625 466	3 869 456
Teen konstante 2010-pryse (R miljoen)	2014	2015	2016
Primêre sektor	303 563	307 875	291 143
Sekondêre sektor	556 028	555 915	556 935
Tersiêre sektor	1 888 785	1 919 390	1 945 596
Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse	2 748 376	2 783 180	2 793 674

[Bron: SARB Quarterly Bulletin, Maart 2017]

2.2.1 Watter metode is in die berekening van die bruto binnelandse produk (BBP) hierbo gebruik? (1)


2.2.2 Watter jaar word tans as die basisjaar deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) gebruik? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *bruto nasionale produk*. (2)

2.2.4 Watter sektor se bydrae tot die BBP het sedert 2014 bestendig verhoog? (2)

2.2.5 Wat het tussen 2015 en 2016 gebeur met die waarde deur die primêre sektor toegevoeg? Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.3.1 Identifiseer 'n trog in die sakesiklus hierbo. (1)
- 2.3.2 In watter jaar is die eerste sakesiklus in die grafiek hierbo volledig voltooi? (1)
- 2.3.3 Bespreek kortliks die term *reële (werklike) sakesiklus*. (2)
- 2.3.4 Hoe kan die Suid-Afrikaanse owerheid staatsbesteding as fiskale maatreeël gebruik om die ekonomie te stimuleer? (2)
- 2.3.5 Hoe kon die Suid-Afrikaanse Reserwebank voorkom het dat die sakesiklus skerp na T₃ gedaal het? (2 x 2) (4)
- 2.4 Beskryf kortliks *ekonomieë van skaal (skaalbesparings)* en *keuse* as argumente ten gunste van vryhandel. (2 x 4) (8)
- 2.5 Verduidelik, met behulp van 'n goed benoemde Laffer-kromme, die uitwerking van 'n belastingkoerstoename op staatsinkome. (8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE basiese dienste wat 'n mens se lewenstandaard beïnvloed. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan KMMO's ekonomiese groei ondersteun? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MENSLIKEONTWIKKELINGSAANWYSERS

Die indeks van die Verenigde Nasies wat op menslike ontwikkeling fokus, plaas Suid-Afrika in die onderste helfte van die ranglys. Dit is 'n jaarverslag deur die VN wat lande volgens hul lewenstandaarde ten opsigte van drie aanwysers op 'n ranglys plaas: bruto inkome per capita, lewensverwagting en onderwys.

In Suid-Afrika is lewensverwagting by geboorte 57,4 jaar, met 'n gemiddelde verwagte skoling van 13,6 jaar. Bruto inkome per capita in die land is baie laag en hoë vlakke van ongelykheid kom steeds voor.

[Aangepas uit VN Menslikeontwikkelingsindeksverslag, 2016]

3.2.1 Identifiseer in die uittreksel hierbo die internasionale instelling wat statistiek oor menslike ontwikkeling voorberei. (1)

3.2.2 Noem EEN aanwyser in die uittreksel wat by die meting van lewenstandaard gebruik word. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks hoekom verstedeliking 'n ekonomiese aanwyser is. (2)

3.2.4 Beskryf kortliks hoekom verstedeliking 'n sosiale aanwyser is. (2)

3.2.5 Hoe behoort groot onderwysongelykhede opgelos te word om die lewenstandaard van Suid-Afrikaners te verbeter? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NASIONALE ONTWIKKELINGSPLAN – VISIE VIR 2030,
ONS TOEKOMS – LAAT DIT WERK**

Suid-Afrika se vernaamste uitdaging is om armoede en ongelykheid uit die weg te ruim. Om lewenstandaarde tot die minimum vlak in die plan voorgestel, te verhoog, sal verbeterde onderrig behels. Die NOP fokus op die kritiese vermoëns wat nodig is om die ekonomie en samelewing deur verhoogde ekonomiese groei te verander.

[Aangepas uit NOP]

- 3.3.1 Watter uitdaging moet Suid-Afrika teen 2030 aanpak, volgens die uittreksel hierbo? (1)
- 3.3.2 In die uittreksel hierbo, identifiseer EEN manier waarop Suid-Afrika die uitdagings waarvoor dit te staan kom, kan minimaliseer. (1)
- 3.3.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese groei*. (2)
- 3.3.4 Watter ekonomiese voordeel sal die implementering van die Nasionale Ontwikkelingsplan op die ekonomie van Suid-Afrika hê? (2)
- 3.3.5 Hoe kan armoede en ongelykheid in Suid-Afrika hanteer word? (2 x 2) (4)
- 3.4 Beskryf kortliks die *repokoers* en *geldvoorraad* as ekonomiese aanwysers. (2 x 4) (8)
- 3.5 Hoekom is dit vir die owerheid belangrik om van tyd tot tyd die prestasie van die ekonomie te evalueer? (8)
- [40]**

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

- 4.1.1 Gee enige TWEE redes vir openbaresektor-mislukking. (2 x 1) (2)
- 4.1.2 Watter uitwerking sal die instelling van 'n groen ekonomie op die nywerheidsontwikkelingsplan van Suid-Afrika hê? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MINI-BEGROTING 2016

'Belastingverhogings sal nie die armes benadeel nie ...,' was die belofte van die Minister van Finansies tydens sy mediumtermyn-begrotingsbeleidverklaring. In Suid-Afrika is 10% van die bevolking verantwoordelik vir 37% van alle persoonlike inkomstebelasting aan die staat. Bykomende belastings word ook in die vorm van belasting op toegevoegde waarde (BTW) en brandstofheffings gehef, terwyl suikerbelasting en koolstofbelasting moontlikhede in die toekoms is. Ekonomie het gemeen dat 'n styging in BTW die kleinste negatiewe uitwerking op inkomsegelykheid in Suid-Afrika sou hê, terwyl 'n styging in persoonlike inkomstebelasting of maatskappybelasting meer skadelik sou wees.

[Aangepas uit *Finance Week*, Oktober 2016]

- 4.2.1 Wie lewer die begrotingstoespraak in die Parlement? (1)
- 4.2.2 Identifiseer die soort begroting in die uittreksel hierbo. (1)
- 4.2.3 Beskryf kortliks die term *begroting*. (2)
- 4.2.4 Wat is die hoofdoelwit van die heffing van suikerbelasting? (2)
- 4.2.5 Verduidelik hoekom 'n styging in BTW 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie sal hê. (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NYWERHEIDSONTWIKKELINGSONES (NOS)/
SPESIALE EKONOMIESE SONES (SES)/KORRIDORS IN SUID-AFRIKA**

Suid-Afrika se Ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe bestaan uit die volgende:	
1. Maputo-ontwikkelingskorridor	6. Weskus-beleggingsinisiatief
2. Lubombo-korridor	7. Platinum-ROI
3. Richardsbaai-ROI	8. Phalaborwa-ROI
4. Wildekus-ROI	9. Coast 2 Coast-(Kus-tot-Kus)-korridor
5. Visrivier-ROI	

Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide is in die Nywerheidsontwikkelingsprogram (NOP) vasgelê, met die Departement van Handel en Nywerheid (DHN) as die dryfkrag met betrekking tot nywerheids- en ruimtelike ontwikkeling. Die NOP sluit ROI's, korridors, NOS'e en SES'e in.

[Aangepas uit *Finance Week*, Oktober 2016]

- 4.3.1 In die inligting hierbo, identifiseer 'n staatsdepartement wat die implementering van streeksontwikkelingsbeleidsrigtings dryf. (1)
- 4.3.2 Watter korridor word deur ① in die kaart hierbo verteenwoordig? (1)
- 4.3.3 Beskryf kortliks die term *korridor*. (2)
- 4.3.4 Wat is die doelwit van die regering met die aanneming van streeksontwikkelingsbeleide? (2)
- 4.3.5 Hoe kan die instelling van spesiale ekonomiese sones (SES'e) die ekonomie van Suid-Afrika bevoordeel? (2 x 2) (4)

- 4.4 Verduidelik *veranderinge in vraag* en *rentekoerse* as maatreëls om die onewewigtighede in die betalingsbalans reg te stel. (2 x 4) (8)
- 4.5 Hoe vergelyk Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide met internasionale maatstawwe ('benchmarks') ten opsigte van goeie staatsbeheer en vennootskappe? (8)
[40]
- TOTAAL AFDELING B: 80**

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
<p>Inleiding Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Goeie beginpunt is om die hoofterm, wat met die vraagonderwerp verband hou, te definieer. • Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie. • Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie. • Vermoed om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. 	Maks. 2
<p>Liggaam Hoofdeel: Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Oonderskei/Differensieer/Verduidelik</p> <p>Addisionele deel: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Trek 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Oonderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Maak voorstelle</p>	Maks. 26 Maks. 10
<p>Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Kort samevatting van dit wat alreeds bespreek is, sonder om feite wat alreeds genoem is, te herhaal • Enige mening of waardeoordeel van die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk • 'n Opponerende sienswyse met motivering, indien verlang • Aanbevelings 	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek invoervervanging as deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid onder die volgende:
 - Metodes (13 punte)
 - Redes/Voordele (13 punte) (26 punte)
- Beoordeel, met behulp van 'n grafiek, die uitwerking van 'n toename in massaproduksie op internasionale handel. (10 punte) **[40]**

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek die aanbodkantbenadering in die bevordering van groei en ontwikkeling in Suid-Afrika en sluit die volgende in:
 - Doeltreffendheid (13 punte)
 - Koste om sake te doen (13 punte) (26 punte)
- Hoe effektief was die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) om die ongelykhede in Suid-Afrika se verlede op te los. (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150